'n Ontwikkelingsvoetspoor van sowat 2 100 ha is in die breër projekterrein (sowat 8 200 ha in omvang) geïdentifiseer vir die ontwikkeling van die Pixley-park-aanlegte. Infrastruktuur wat met elk van die FV-sonkragaanlegte verband hou, sal die volgende insluit:

- » FV-sonkragreeks bestaande uit FV-modules (moontlik tweevlak) en monterstrukture wat enkelas-naspoortegnologie gebruik
- » Wisselrigters en transformators
- » Kabels tussen die panele
- » Batterykragbergingstelsel (BESS)
- » Stapelwerfgebiede, konstruksiekampe, terreinkantore
- » Toegangspad met 'n breedte van 12 m en ingangshek na die projekterrein en skakelstasie toe
- » Interne verspreidingspaaie met 'n breedte van 6 m
- » Bedryfs- en instandhoudingsgebou, terreinkantore, ablusiegeriewe met opgaartenks, stoorpakhuis, werkswinkel, waghuis
- » Interne 132 kV IPP-kollektorsubstasie, met insluiting van die HS-verhogingstransformator, MS-interkonneksiegebou.

Die roosterkonneksie-infrastruktuur vir elke projek (wat aan Eskom oorhandig sal word) sal die volgende insluit:

- » Interne Skakelstasie (SwS) langs elk van die IPP-kollektor-substasies (SS)
- » 'n 132 kV Oorhoofse Kraglyn (OHKL) vanaf elk van die SwS'e af, wat terugverbind aan 'n Hooftransmissiesubstasie (HTS)
  - o 'n HTS word beoog op hetsy die plaas Vetlaagte (d.i. Vetlaagte HTS) of op die plaas Wag 'n Bietjie (d.i. Wag 'n Bietjie HTS)
  - o Let wel: Twee aparte OM-prosesse is tans aan die gang om die twee HTS'e te magtig en dit is tans onseker watter HTS gemagtig en gebruik gaan word om hierdie projekte te verbind
- » Hierdie projekte kan 'n vergroting van die 132 kV Geleis-tam by die bogenoemde HTS vereis
- » Hierdie projekte kan 'n vergroting van die 400 kV Geleis-tam by die bogenoemde HTS vereis
- » Hierdie projekte kan die toevoeging van 'n bykomende 400/132 kV Transformator by die bogenoemde HTS vereis
- » Hierdie projekte kan elkeen 'n nuwe 132 kV Voerdervak by die bogenoemde HTS vereis.



Die Pixley-park-groepering van FV-sonkragaanlegte, met insluiting van die projekname, infrastruktuur-besonderhede, eiendomme wat deur die beoogde aanlegte geraak word, roosterkonneksie-infrastruktuur en verwante infrastruktuur word verskaf in die tabel hieronder:

**FV-SONKRAGAAANLEGTE:**

Projeknaam	Carolus FV1-sonkragaanleg	Fountain FV1-sonkragaanleg	Riet Fountain FV1-sonkragaanleg	Wagt FV1-sonkragaanleg
Geaffekteerde eiendomme (d.i. projekterrein)	Gedeelte 3 van die plaas Carolus Poort No. 3	Gedeelte 1 van die plaas Riet Fountain No. 6	Gedeelte 4 van die plaas Riet Fountain No. 6	Restant van die plaas Wagt en Bittje No. 5
Gekontrakteerde vermoë	Hoogstens 100 MW	Hoogstens 100 MW	Hoogstens 100 MW	Hoogstens 200 MW
Tegnologie	Fotovoltaïese sonkrag	Fotovoltaïese sonkrag	Fotovoltaïese sonkrag	Fotovoltaïese sonkrag
Grootte en vermoë van interne substasie	Sowat 100 m x 100 m, 33/132 kV interne substasie	Sowat 100 m x 100 m, 33/132 kV interne substasie	Sowat 100 m x 100 m, 33/132 kV interne substasie	Sowat 100 m x 100 m, 33/132 kV interne substasie
Batterykrag-bergingstelsel	<b>Voetspoor:</b> Sowat 6 ha wat langs die interne substasie geleë sal wees  <b>Vermoë: 2 500 MWH</b>	<b>Voetspoor:</b> Sowat 6 ha wat langs die interne substasie geleë sal wees  <b>Vermoë: 2 500 MWH</b>	<b>Voetspoor:</b> Sowat 6 ha wat langs die interne substasie geleë sal wees  <b>Vermoë: 2 500 MWH</b>	<b>Voetspoor:</b> Sowat 6 ha wat langs die interne substasie geleë sal wees  <b>Vermoë: Up to 200MW</b>
Toegangspaaie (hoof- en interne paaie)	Die bou van 'n toegangspad met 'n breedte van 12 m en 'n toegangshek na die projekterrein en skakelstasie toe, sowel as interne verspreidingspaaie met 'n breedte van 6 m, sal benodig word	Die bou van 'n toegangspad met 'n breedte van 12 m en 'n toegangshek na die projekterrein en skakelstasie toe, sowel as interne verspreidingspaaie met 'n breedte van 6 m, sal benodig word	Die bou van 'n toegangspad met 'n breedte van 12 m en 'n toegangshek na die projekterrein en skakelstasie toe, sowel as interne verspreidingspaaie met 'n breedte van 6 m, sal benodig word	Die bou van 'n toegangspad met 'n breedte van 12 m en 'n toegangshek na die projekterrein en skakelstasie toe, sowel as interne verspreidingspaaie met 'n breedte van 6 m, sal benodig word
Ander verwante infrastruktuur wat met elke aanleg verband hou	<ul style="list-style-type: none"> <li>» Wisselrigters en transformators</li> <li>» Kables tussen die panele</li> <li>» Batterykragbergingstelsel (BESS)</li> <li>» Stapelwerfgebiede, konstruksiekampe, terreinkantore</li> <li>» Bedryfs- en instandhoudingsgebou, terreinkantore, ablusiegeriewe met opgaartenks, stoorpakhuis, werkswinkel, waghuis</li> </ul> <p>Elk van die projekte sal alle nodige elektriese en hulptoerusting insluit wat by die kollektorsubstasie benodig word wat daardie sonkragaanleg bedien. Dit sal 'n transformator, skakelwerf/-vak, beheergebou, heinings, ens., insluit.</p>			



## ROOSTERKONNEKSIE-INFRASTRUKTUUR

Besonderhede van die beoogde roosterkonneksie-infrastruktuur en alternatiewe word verskaf in die tabel hieronder. Daar is verskeie konneksie-opsies wat elk van die aanlegte uiteindelik met Eskom se Kragnet sal verbind.


Korridorbreedte (vir evalueringdoeleindes)	<p>Vier (4) individuele roosterkonneksiekorridors (een korridor per FV-aanleg) is vir die evaluering en plasing van die roosterkonneksie-infrastruktuur geïdentifiseer. Al die korridors word geëvalueer om te verseker dat enige omgewingsensitiewe gebiede vermy word. Roosterkonneksie-infrastruktuur wat in hierdie korridors beoog word, sluit die volgende in:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>» Interne Skakelstasie (SwS) langs elk van die IPP-kollektorsubstasies (SS)</li> <li>» 'n 132 kV Oorhoofse Kraglyn (OHKL) vanaf elk van die SwS'e, wat terugverbind aan 'n Hooftransmissiesubstasie (HTS) <ul style="list-style-type: none"> <li>o 'n HTS word beoog op hetsy die plaas Vetlaagte (d.i. Veltaagte HTS) of op die plaas Wag 'n Bietjie (d.i. Wag 'n Bietjie HTS)</li> <li>o Let wel: Twee aparte OM-prosesse is tans aan die gang om die twee HTS'e te magtig en dit is tans onseker watter HTS gemagtig en gebruik gaan word om hierdie projekte te verbind</li> </ul> </li> <li>» Hierdie projekte kan 'n vergroting van die 132 kV Geleis-tam by die bogenoemde HTS vereis</li> <li>» Hierdie projekte kan 'n vergroting van die 400 kV Geleis-tam by die bogenoemde HTS vereis</li> <li>» Hierdie projekte kan die toevoeging van 'n bykomende 400/132 kV Transformator by die bogenoemde HTS vereis</li> <li>» Hierdie projekte kan elkeen 'n nuwe 132 kV Voerdervak by die bogenoemde HTS vereis.</li> </ul>
Kraglyn se vermoë	132 kV
Mashoogte	Hoogstens 32 m
Kraglynserwituut se breedte	Hoogstens 40 m
Elke Kollektorsubstasie se ontwikkelingsvoetspoor	100 m x 100 m
Kollektorsubstasie se vermoë	132 kV
Geaffekteerde eiendomme	<ul style="list-style-type: none"> <li>» Gedeelte 3 van die plaas Carolus Poort No. No.3;</li> <li>» Gedeelte 1 van die plaas Riet Fountain No. No.6;</li> <li>» Gedeelte 4 van die plaas Riet Fountain No. No.6;</li> <li>» Restant van die plaas Wagt en Bittjie No. 5;</li> <li>» Restant van die plaas Wag 'n Bietjie Anneks C No. 137; en</li> <li>» Restant van die plaas Vetlaagte No. 4.</li> </ul>

## OORSIG VAN FV-SONKRAGTEGNOLOGIE

Sonkragaanlegte gebruik die son se energie om elektrisiteit op te wek deur 'n proses wat as die **Fotovoltaïese Effek** bekend staan. Hierdie effek verwys na ligfotone wat met elektrone bots, wat die elektrone gevolglik in 'n hoër staat van energie plaas om elektrisiteit voort te bring. Die FV-aanlegte se sonkragvelde sal uit die volgende komponente bestaan:

### Fotovoltaïese Selle:

'n Fotovoltaïese (FV) sel word van silikon gemaak wat as halfgeleier optree en gebruik word om die fotovoltaïese effek voort te bring. FV-selle word in veelvoude/reeks gerangskik en agter 'n beskermende glaspaneel geplaas om 'n FV-paneel te vorm. Elke FV-sel se een kant is positief en die teenoorgestelde kant negatief gelaai, met elektriese geleiers wat aan beide kante aangebring is om 'n stroombaan te vorm. Hierdie stroombaan vang die vrygestelde elektrone vas in die vorm van 'n elektriese stroom (d.i. gelykstroom (GS)).



**Figuur 2:** Oorsig van 'n FV-sel, -module en -reeks/-paneel (Bron: pveducation.com)

'n FV-sonkragmodule bestaan uit individuele FV-selle wat met mekaar verbind is, terwyl 'n FV-sonkragreeks 'n stelsel is wat bestaan uit 'n groep individuele FV-sonkragmodules wat elektries bedraad is om 'n veel groter FV-installasie te vorm.



Die FV-panele sal op steunstrukture aangebring word om blootstelling aan die son te maksimaliseer. Die FV-panele kan dalk "tweevlakkig" wees, wat beteken dat hulle lig van onder af kan benut en die grond onder die strukture kan aangepas word om hierdie weerkaatsing te maksimaliseer.


### Wisselrigters

Wisselrigters word gebruik om elektrisiteit wat deur die FV-selle opgewek word, van gelykstroom (GS) na wisselstroom (WS) om te sit sodat die aanleg met die nasionale kragnet verbind kan word. Verskeie wisselrigters sal in verskeie reekse gerangskik word om krag wat deur die aanlegte opgewek word, te versamel en om te sit.

FV-panele is ontwerp om vir meer as 20 jaar ononderbroke, meestal onbeman en met min instandhouding in bedryf te staan.

### Steunstrukture

FV-panele sal op steunstrukture aangebring word. FV-panele kan hetsy vaste/stilstaande steunstrukture gebruik, of andersins kan hulle enkel- of dubbelas naspoorsteunstrukture gebruik. FV-panele wat vaste/stilstaande steunstrukture gebruik, word teen 'n hoek gestel (vaste-kanteling FV-stelsel) om die hoeveelheid sonbestraling wat ontvang word, ten volle te benut. Met vaste/stilstaande steunstrukture, hang die hoek van die FV-paneel af van die breedteligging van die beoogde ontwikkeling en kan verstel word om die kenmerke van somer- en wintersonbestraling ten volle te benut. FV-panele wat naspoorsteunstrukture gebruik, volg die son se beweging deur die dag ten einde die maksimum hoeveelheid sonbestraling te ontvang.



**Figuur 3:** Oorsig van verskillende FV-naspoorstelsels (van links na regs: vastehoek, enkel- en dubbelasnasporing (Bron: pveducation.com))

FV-panele is ontwerp om vir meer as 20 jaar ononderbroke, meestal onbeman en met min instandhouding in bedryf te staan.

### Batterykragbergingstelsel (BESS)

Die behoefte vir 'n BESS spruit voort uit die feit dat elektrisiteit slegs deur die Hernubare Kragaanleg opgewek word terwyl die son skyn, terwyl die piekvraag nie noodwendig gedurende die dag plaasvind nie. Gevolglik sal die berging van elektrisiteit en die voorsiening daarvan tydens piekvraag beteken dat die aanleg meer doeltreffend en meer betroubaar sal wees en dat die elektrisiteitsvoorsiening meer bestendig sal wees.

Die BESS:

- » Sal meer hernubare krag van die FV-sonkragaanlegte stoor en by die kragnet integreer.
- » Dit sal help met die doelwit om elektrisiteit by wyse van hernubare kragtegnologie op te wek, om by die nasionale kragnet in te voer, wat bekom sal word ingevolge hetsy die Verkrygingsprogram vir Hernubare Krag van Onafhanklike Kragprodusente (REIPPPP), ander staatsbeheerde verkrygingsprogramme of vir verkoop aan privaat entiteite, indien nodig.
- » BESS se beoogde voetspoor: 6 ha.
- » Batterybergingstelsel se beoogde vermoë: 2 500 MWh.
- » Beoogde tegnologie wat gebruik gaan word: Litium-ioonbatterie (LFP/NMC of ander) (Li-Ion), litiumkapasitors/elektrochemiese kapasitors (LiC), Redoks-vloeibatterie (RFB) en/of Natriumswawelbatterie (NaS).
- » Soorte batterie wat oorweging sal geniet: Vastestaat- en Redoks-vloeibatterie.

### OMGEWINGSIMPAKEVALUERINGSPROSES

In ooreenstemming met die OIE-regulasies, 2014 (soos gewysig), wat ooreenkomstig Artikel 24(5) van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (Wet 107 van 1998) (NEMA) gepubliseer is, benodig die applikant Omgewingsmagtiging (OM) van die Nasionale Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing, (DBVO), in oorleg met die Noord-Kaap-provinsie se Departement van Landbou, Omgewingsake, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling vir die ontwikkeling van die beoogde projekte.

Ooreenkomstig Artikel 24(5) van NEMA, die OIE-regulasies, 2014 (soos gewysig) en Lyskennisgewing (Staatskennisgewing R327, R325 en R324) is altesaam agt (8) aansoeke om Omgewingsmagtiging (OM) tans in die aansoekproses, naamlik:

- » Omgewingsimpevaluering vir vier (4) FV-sonkragaanlegte; en
- » Basiese Evaluering vir vier (4) Elektriese Kragnetinfrastrukture.





Elke aansoek moet gerugsteun word deur omvattende, onafhanklike omgewingsstudies wat ingevolge die OIE-regulasies, 2014 (soos gewysig) onderneem word.

'n OIE is 'n doeltreffende beplannings- en besluitnemingswerktuig. Dit bring mee dat potensiële omgewingsverwante gevolge wat voortspruit uit 'n beoogde aktiwiteit, geïdentifiseer en na behore tydens die oprigtings-, bedryfs- en uitbedryfstellingsfase van ontwikkeling bestuur word. Dit bied ook 'n geleentheid vir die projekaansoeker om vooraf gewaarsku te wees van potensiële omgewingskwessies en maak voorsiening vir die oplossing van kwessies wat geïdentifiseer en as deel van die OIE-proses oor verslag gedoen is, en bied ook die geleentheid vir dialoog tussen sleutelbelanghebbers en belangstellende en geaffekteerde partye (B&GP's).

Savannah Environmental is aangestel as die onafhanklike omgewingskonsultant wat verantwoordelik is vir die bestuur van die aparte aansoeke om OM en om die stawende OIE-proses te onderneem wat vereis word om alle potensiële omgewingsimpakte wat verband hou met die projekte wat hierbo uiteengesit is, te identifiseer en te evalueer, en om gepaste versagtings- en bestuursmaatreëls aan die hand te doen wat in die Omgewingsbestuursprogramme (OBPr'e) vervat moet word. Aangesien die projekte naby mekaar in dieselfde gebied geleë is, sal 'n gekonsolideerde openbare konsultasieproses, met inagneming van al die projekte wat hierbo uiteengesit is, onderneem word.

#### **WAT IS DIE POTENSIËLE OMGEWINGSIMPakte WAT VERBAND HOU MET DIE BEOOGDE PROJEKTE?**

Die ontwikkelingsgebied en die roosterkonneksiekorridors sal deur onafhanklike omgewings spesialiste geëvalueer word om die potensiaal vir omgewingsimpakte te identifiseer. Spesialisstudies wat as deel van die OIE-prosesse beoog word, sluit die onderstaande in.

- » Biodiversiteit-impakevaluering – sluit ekologie, fauna en flora in en evalueer die potensiële impak en verwante versteuring van plantegroei op die gebied se biodiversiteit (insluitende kritiese biodiversiteitsgebiede en breëskaalprosesse).
- » Vleiland en varswater-impakevaluering – sluit 'n evaluering van impakte en gepaardgaande versteuring van dreineringslyne, riviere en vleilande op 'n breë- en fynskaal in.
- » Avifauna-impakevaluering – wat insluit monitering voor oprigting ooreenkomstig die tersaaklike riglyne en die impak op avifauna se gewoontes en sensitiewe spesies evalueer.
- » Potensiële evaluering van grondsoorte en landboupotensiaal – sluit grondsoorte in en evalueer die wesenlikheid van verlies aan landbougrond en gronddegradasie en/of erosie.
- » Erfenis-impakevaluering (argeologie en paleontologie) – wat argeologie en paleontologie insluit en die potensiële versteuring of vernietiging van erfenisterreine en fossiele tydens die konstruksiefase weens opgrawingsbedrywighede evalueer.
- » Visuele impakevaluering – wat die visuele gehalte van die gebied insluit en die impak van die FV-sonkragaanlegte en die roosterkonneksie-oplossing op die estetika in die gebied evalueer.
- » Maatskaplike impakevaluering – wat die positiewe en negatiewe maatskaplike impakte evalueer wat verband hou met die konstruksie en bedryf van die FV-aanlegte en verwante roosterkonneksie-oplossing .
- » Verkeersimpakevaluering – evalueer die impak van die ontwikkelings op verkeer en padnetwerke in die gebied, spesifiek tydens die konstruksiefase.



Terreinspesifieke studies sal onderneem word om die potensiële impak van die beoogde ontwikkeling te evalueer, om gebiede van sensitiviteit in die geaffekteerde plaasgedeeltes te delinieer, om impakte te evalueer wat verband hou met die projekte en om aanbevelings met betrekking tot vermyding, bestuur en versagting van impakte te maak. Studies sal toegelig word deur beskikbare inligting en gedetailleerde veldondersoeke wat ooreenkomstig die tersaaklike riglyne en protokolle onderneem word. Sodra die beperkende omgewingsfaktore bepaal is, kan die uitleg vir die beoogde aanlegte bepaal word en in die OIE se verslagdoening voorgehou word.

## **OPENBARE DEELNAMEPROSES**

Die deel van inligting vorm die grondslag van die openbare deelnameproses en bied B&GP's die geleentheid om aktief by die OIE-prosesse betrokke te raak. Kommentaar en insette van B&GP's word aangemoedig ten einde te verseker dat potensiële impakte regdeur die OIE-prosesse oorweging geniet.

Die openbare deelnameproses poog om te verseker dat:

- » inligting wat al die tersaaklike feite met betrekking tot die aansoeke bevat, aan B&GP's beskikbaar gestel word vir insae;
- » deelname deur B&GP's op so 'n wyse gefasiliteer word dat hulle 'n redelike geleentheid gegun word om kommentaar te lewer oor die beoogde projekte; en
- » voldoende insaetydperke aan B&GP's gebied word om kommentaar te lewer oor die bevindinge van die Bestekopname-, OIE- en BE-verslag.

Om doeltreffende deelname te verseker, sluit die openbare deelnameprosesse in:

- » die identifisering van B&GP's, insluitende geaffekteerde en naburige grondeienaars en -bewoners en tersaaklike staatsinstansies en die boekstawing van besonderhede in 'n databasis;
- » die verwittiging van B&GP's van die aanvang van die OIE-prosesse in die plaaslike drukkersmedia en die verspreiding van hierdie Agtergrondinligtingsdokument (AID) aan geregistreerde B&GP's;
- » die voorsiening van toegang aan geregistreerde partye tot 'n aanlyn skakelingsplatform vir belanghebbers, wat projekinligting en insette van belanghebbers in 'n enkele digitale platform sentraliseer;
- » om B&GP's 'n geleentheid te bied om met die projekspan te skakel;
- » die plasing van terreinkennisgewings by die geaffekteerde eiendomme en in die studiegebied;
- » die plasing van 'n advertensie in 'n plaaslike koerant en deur 'n plaaslike radiostasie te gebruik (waar beskikbaar);
- » om B&GP's in kennis te stel van die vrystelling van die verslae vir oorsig en kommentaar, vergaderings wat gehou moet word en die sluitingsdatums waarteen kommentaar ontvang moet word; en
- » om 'n geleentheid te bied om via 'n gepaste virtuele platform (om die risiko's wat met COVID-19 verband hou, te verminder) of telefonies met die projekspan te skakel.

## **U VERANTWOORDELIKHEDE AS 'N B&GP**

Ooreenkomstig die OIE-regulasies, 2014 (soos gewysig) en die Riglyne vir Openbare Deelname, 2014, word u aandag gevestig op u verantwoordelikhede as 'n B&GP:

- » Om aan die OIE-prosesse deel te neem, moet u uself op die B&GP-databasis registreer deur die Registrasie- en Kommentaarvorm wat by die AID ingesluit is, is te vul.

- » U moet enige regstreekse sake-, finansiële-, persoonlike of ander belang wat u dalk in die goedkeuring of weiering van die aansoeke kan hê, bekend maak.
- » U moet toesien dat enige kommentaar met betrekking tot die beoogde projekte binne die gestipuleerde tydsraamwerke ingedien word.

## **HOE OM BETROKKE TE RAAK**


- » Deur telefonies, per faks of per e-pos te reageer op die uitnodiging vir u betrokkenheid.
- » Deur die Antwoordvorm aan die tersaaklike kontakpersoon terug te besorg.
- » Deur tydens die OIE-prosesse met die projekspan te skakel.
- » Deur die omgewingskonsultant met navrae of kommentaar te kontak.
- » Deur oorsig oor en kommentaar op die verslae te bied, en wel binne die gestipuleerde oorsig- en kommentaartydperk.

As u uself as 'n B&GP vir die beoogde projekte ag, moedig ons u aan om gebruik te maak van die geleenthede wat deur die openbare deelnameproses geskep word om kommentaar te lewer op of kwessies en knelpunte te opper wat u raak en/of vir u van belang is of waarvoor u meer inligting versoek. U insette vorm 'n belangrike deel van die OIE-prosesse.

Deur die meegaande Antwoordvorm in te vul en aan ons terug te besorg, registreer u uself outomaties as 'n B&GP vir die beoogde projekte en verseker u dat kennis geneem sal word van die kommentaar, knelpunte of navrae wat u met betrekking tot die projekte opper. Let asseblief daarop dat alle kommentaar wat ontvang word, in die projek se dokumentasie vervat sal word. Dit kan persoonlike inligting insluit.



Figuur 4: Liggingskaart van die Pixley-Park Hernubare Kragprojek





## KOMMENTAAR EN NAVRAE

Rig alle kommentaar, navrae of antwoorde aan:

*Nicolene Venter by  
Savannah Environmental (Edms.) Bpk.*  
Posadres: Posbus 148, Sunninghill, Johannesburg, 2157  
Tel.: 011 656 3237  
Selfoon: 060 978 8396  
Faks: 086 684 0547  
E-pos: [publicprocess@savannahsa.com](mailto:publicprocess@savannahsa.com)

Besoek [www.savannahSA.com](http://www.savannahSA.com) om die aanlyn skakelingsplatform vir belanghebbers te besoek en om die projek se dokumentasie te besigtig.



Kopiereg: Savannah Environmental (Edms.) Bpk.

**OMGEWINGSIMPAKEVALUERING EN OPENBARE DEELNAMEPROSES**

**ONTWIKKELING VAN VIER FV-SONKRAGAANLEGTE EN VERWANTE ROOSTERKONNEKSIE-INFRASTRUKTUUR VIR DIE  
PIXLEY-PARK HERNUBARE KRAGPROJEK NABY DE AAR, NOORD-KAAPPROVINSIE  
(DFFE Verw.nos.: Om uitgereik te word)**

**Registrasie & Kommentaarvorm**

Maart 2022

Stuur voltooide registrasie- en kommentaarvorm aan: **Nicolene Venter** van **Savannah Environmental**

**Foon:** 011 656 3237 / **Selfoon (ook 'please call me'):** 060 978 8396 / **Faks:** 086 684 0547

**E-pos:** [publicprocess@savannahsa.com](mailto:publicprocess@savannahsa.com) **Posadres:** Posbus 148, Sunninghill, 2157

**U registrasie as 'n belanghebbende en/of geaffekteerde party is slegs van toepassing tot hierdie projekte en die voorsiening van u kontakinligting is beskerm deur die Beskerming van Persoonlike Inligting Wet van 2013 (PoPI Act, 2013)**

**Verskaf asseblief u persoonlike kontak besonderhede:**

Naam & Van:			
Organisasie			
Amp- of Postitel			
Posadres:			
Telefoon:		Faks	
Selfoon			
E-pos:			

**Stel u belang om te registreer as 'n belangstellende en/of geaffekteerde party (B&GP) op die volgende projekte se databases**  
(merk asseblief toepaslike boks met 'n X)

Carolus FV1-sonkragaanleg		Fountain FV1-sonkragaanleg		Wagt FV1-sonkragaanleg		Riet Fountain FV1-sonkragaanleg	
---------------------------	--	----------------------------	--	------------------------	--	---------------------------------	--

**In terme van die OIE Regulasies, 2014, soos gewysig, Regulasie 43(1), moet u as 'n B&BP registreer om verdere inligting rakende hierdie twee Basiese Ewalueringsprojekte te ontvang en u moet ook u direkte besigheid, finansiële, persoonlike of ander belang wat u mag hê rakende in die goedkeuring of afkeuring van die aansoek, vermeld** (gebruik addisionele bladsye indien nodig):

**Lys u kommentaar rakende die projek per u keuse bo** (gebruik addisionele bladsye indien nodig):

**Verskaf bykomende kontak besonderhede van addisionele persoon/e wie u beskou as potensiële belangstellende en/of geaffekteerde partye**

Naam & Van:			
Posadres:			
Telefoon:			
Selfoon:			
E-pos:			